




Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

'n Groter skerm in die kerk



Let op daar is 'n groter skerm in die kerk.


In enige erediens gaan dit vir ons ten diepste as gemeente oor 'n ontmoeting met God. God nader tot ons en ons nader as gemeente tot God. God ontmoet ons deur sy Woord en Gees. Die ontmoeting met God behels natuurlik veel meer as net die Woordverkondiging; dit

gaan ook oor ons saamwees, die lofprijsing en aanbidding, die getuigenisse van mede-gelowiges en die werking van God se Gees.

Wat baiekeer in ons ontmoeting met God onderskat word, is die rol van die higiëne faktore, soos parking, gasvryheid van mense, die atmosfeer tydens 'n erediens, die klank en beeld. Wanneer ek iemand spesiaal uitneem vir 'n ete, neem ek hom/haar na 'n plek met atmosfeer. Kos met die regte atmosfeer smaak net soveel lekkerder en 'n kuier met die regte atmosfeer is net soveel meer betekenisvol.

Ons vermoede is dat die regte atmosfeer met 'n erediens net so belangrik is om 'n Geesvervullende ontmoeting met God te beleef. Ons gaan vandag en volgende Sondag met 'n geleende laserprojektor en groot skerm meer aandag gee aan die skep van 'n aangename atmosfeer. Beleef dit asseblief saam met ons en dink saam met ons oor hoe ons 'n atmosfeer kan bewerkstelling wat 'n Geesvervullende ontmoeting met God versterk.

Lees verder op bl 4...



Sondag 7 April

Lukas 19:1-10

08:00 Meditatief	Strydom Bruwer
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Strydom Bruwer
09:30 Informeel	Danie O'Kennedy
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Deurkollekte: Omonia Vlughtelinge

Die week:

Dinsdag 9 April

06:00 Kom bid saam
17:45 Kantory oefen

Woensdag 10 April

19:00 Doopgesprek

Saterdag 13 April

09:00 Herfsmakietie

Sondag 14 April

Palmsondag

**Op Sondag 5 Mei
begin ons
wintereredienstye**

Sondag 14 April

Lukas 19:11-27

08:00 Meditatief	Hannes Theron
08:00 Klassiek (doop)	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Hannes Theron
09:30 Informeel	Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker,
beenmurgoorplanting
behandelings
Paul en Michelle Swanepoel -
ernstige gesondheidsprobleme
Van Zyl Siebert - kanker
Faan van der Westhuizen -
ernstige rugoperasies en
beenkanker

Paul van Staden - dementia
Hennie Albertyn - herstel na
beroerte

Ilze Havenga - wag op nier-
vervanging

Nico Koch - herstel na
rugoperasie

Emmie van Tonder - chemo-
behandeling vir kanker

Barbara Pienaar - operasie
Anita Stoeder - herstel na

heupbreuk

Adri de Vries - kanker

Baby Meyer - Spescare

Jan Kilian (Paul se pa) -
opgeneem in hospitaal vir
bloedkont

Rou:

Ons dink aan Thea Schoeman
en die familie met Frans wat
oorlede is.

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - w8X7Nf?J

Dagboek

13 April - Herfsmakietie

Kontak louise@nghelder.co.za vir meer inligting

15 April - Groot Iydensweek

Besoek die kruiswegstasies in die Tent

18 April - Tenebrae-ete

19 April - Goeie Vrydag nagmaal

Dienste om 08:00 en 09:30

3 Mei - Huweliksverrykingskursus

Stuur jou kontakbesonderhede vir die kerkkantoor

5 Mei - Wintererdienstye begin

Boeke

Uyavula soek 'n boek en meer. Asseblief, skenk netjiese, gebruikte **kinderboeke** vir die Herfsmakietie. Dit sal vreugde bring in ander kinders se lewens.

Dankie, vir boeke wat reeds geskenk is.
Amanda 072 874 0147

Die volgende ouerpare doop op 7 April

Ryno en Luzanne met Liam O'Conner en Ben Carter Smith

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Adeline Bruwer - Overkruin

Willie Bruwer - Vaalpark

Tia Marais – Stilbaai

Leon Meintjes - Hluhluwe



2'de kwartaal jeugaktiwiteite

Ons sien uit na 'n vol 2'de kwartaal waar ons nou in Lydenstyd is, Paasfees en ook Pinksterfees gaan vier.

Kleuterkerk stap voort deur die Bybel met die *Dapper Stapper* reeks van KidsXpress. Pinkster doen hulle die *Vrugtefees saam met die Heilige Gees* van KidsXpress.

Kiddiekerk, graad 1 – 3 begin die kwartaal met KidsXpress se reeks *Jy is Myne*.

Tekkiekerk, graad 4 – 6 doen verskillende temas en begin vandag *Lewe met vreugde*.

Tienerkerk is om 18:00 en begin die kwartaal met 'n fliekaand, *Unbroken*.

Die Kiddie- en Tekkiekerk gaan die Pinksterreeks, *Talente en Geestelike Geskenke* van KidsXpress doen. Meer hieroor volg later.

As jy wil betrokke raak by ons Jeugaktiwiteite, kan jy soggens vir Lizl (021-850 6915) of Annette (021-850 6923) kontak.



vanaf voorblad...

As daar mense is wat saam met ons wil werk aan die atmosfeer van die eredienste, wil ons jou uitnooi om dit ook vir ons finansiële moontlik te maak of saam met ons te dink oor hoe ons dit finansiële moontlik kan maak. Ons het alreeds 'n donasie van R30 000 hiervoor ontvang. Julle is welkom om met enige van die predikante hieroor te kom gesels. Om so 'n stelsel te installeer kan van 'n R100 000 (net die kerkruimte) tot R250 000 (kerkruimte en Korinte) kos. Die koste word natuurlik ook bepaal deur die tipe kwaliteit waarvoor 'n mens wil gaan. Die projek is nie deel van ons begroting nie, maar 'n geleentheid vir diegene wat graag saam met ons wil aandag gee aan 'n verbeterde atmosfeer tydens ons eredienste.

Jesus sien almal raak en verander lewens

Ons leef in 'n wêreld waar mense nie altyd raakgesien word nie. Ook in 'n wêreld waar ons nie met genadige oë na ander kyk nie. Is ons bereid om met Jesus se oë na ander te kyk? Glo ons werklik dat Jesus mense kan verander?

In Luk 19:1-10 lees ons die bekende verhaal van Jesus en Saggeus. Saggeus was die hooftollenaar van Jerigo en glad nie baie gewild in sy omgewing nie. Hy was korrup en het homself verryk ten koste van ander. Maar Saggeus het gehoor van Jesus en wou hê dat Jesus hom moes raaksien. Hy is selfs bereid om in 'n boom te klim, nie iets wat volwasse mans in daardie tyd gedoen het nie. Gelukkig het Jesus hom raakgesien en was Hy bereid om na Saggeus se huis te gaan. Hy spandeer tyd saam met hierdie "groot" sondaar al het almal Hom hieroor kwalik geneem. Jesus het sy lewe totaal verander. Saggeus het nie net vir Jesus as Redder erken nie, maar was bereid om nuut te leef (vgl v 8).

Jesus sien almal van ons raak en sy genade is vir almal bedoel, ook hulle wat dink dat hul nie goed genoeg vir Jesus is nie. En Jesus vra dat elkeen van ons ook met dieselfde oë na ander sal kyk. Dit mag net wees dat die persoon wat ons totaal afskrif 'n kragtige getuie vir Jesus kan word.





Herfsmakietie

13 April van 9:00 tot 15:00

Etekaartjies

Die volgende etekaartjies sal vooraf by die kerkkantoor te koop wees.

Spitbraai: Slegs 50 porsies beskikbaar @ R120 elk

Beesstert&lamsnek potjie: Slegs 75 porsies @ R70 elk.



Kom, kom, kom!!!

Kom kuier saam en geniet die heerlike atmosfeer van kos en musiek by die Herfsmakietie.

Hier is alles wat jou hart begeer en soveel meer. Iets vir almal en natuurlik ook vir die kinders.

Hier gaan dit lekker raak!! Jy wil dit nie mis nie.

Kom, kom, kom!!!

Wat is daar alles?

In die Tent is stalletjies wat verskillende items verkoop, bv geskenke, klere, juwele.... Daar is binne en buite die Tent kosstalletjies met watertand geregte, van ontbyt tot middagete en alles tussenin en drinkgoed. Buite in die oop terrein gaan daar 'n verskeidenheid stalletjies wees, bv klere. Dan is daar goed vir die kinders soos 'n springkasteel, speelklei en speel in die parkie. In die Jeugsentrum is die witolifante. Moenie hierdie spotgoedkoop items misloop nie.



Kortuitreik na Phuket

Hoekom reik 'n mens uit na Phuket, die idilliese vakansie-eiland in Thailand?

Die antwoord is eenvoudig: Omdat die Suid-Afrikaanse sendeling, Roelien Muller jou vra om haar te kom ondersteun. Sy en haar span plaaslike Thaimense, reik uit na kinders tussen 4-10 jaar uit die *slum* areas in Phuket waar kinderhandel, -misbruik en armoede die plaaslike kinders sonder hoop laat.

Roelien is reeds 19 jaar in Thailand en het oor jare verhoudings opgebou met die plaaslike gemeenskap. Sy slaag daarin om deur die Asia Center Foundation (ACF) aan hierdie kinders skoolonderrig te bied wat hulle andersins nooit sou kry nie. Die aanslag is Christelik en personeel en kinders groei geestelik onder Roelien se leiding en dissipelmaking.

'n Splinternuwe kampus is in aanbou en die uitreikspan het die voorreg gehad om die nuwe geboue se vensters te was, die terrein skoon te maak en gereed te kry vir die eerste groot funksie wat op 28 Maart daar plaasgevind het, nl die prysuitdeling en "graduation" van die voorskoolse groepie.


Die Helderbergspan kon ook 'n nuwe onderwys kurrikulum vir die skool saamneem en help om die nuwe speelgronde te ontwerp en 'n nuwe logo vir die skool en ACF te ontwerp. Spesiale aandag is aan die personeel gegee en ons kon ook vir hulle spesifieke behoeftes bid.

Belangstellendes in die bediening is welkom met Louise Theron te gesels by louise@nghelder.co.za



Herfsmakietie 13 April 9:00 – 15:00

Helderberg Gemeente Firmountweg 82 Somerset-Wes

Live Music  Handwerk Spitbraai Juwele Naaldwerk

Dorslessers Gemmerbier Denimklere Boereworsrolle

Wit-olifante Roosterkoek Speelgoed Leer-artikels

Wors Speelklei Sprinkasteel!! Koek Beskuit

Pizzas Poeding Kindermuebels Hamburgers Geskenke Beeswax wraps,

Plante Serpe&Juwele Pannekoek Koffie Bokashi

Odds&Ends Ontbytburgers 2xMooi Klere Komposbare

Beesstert-potjie Kinderpretti!

Carrie Kinderboeke Droë vrugte & lekkers

Groot Lydensweek

Palmsondag (14 April) kondig die begin van Groot Lydensweek aan. Jesus ry op 'n donkie Jerusalem binne en gaan in minder as 'n week gekruisig word. Alle spanning begin dus nou intensifiseer.

Ons bewys op Palmsondag hulde aan Jesus, en eer Hom as koning. Dit geskied hoopvol, want die lydensweek loop op die halleluja van Paassondag uit. Maar dit geskied ook somber, want die verheerliking van die nederige, dienende Koning op die donkie loop langs die weg van die kruis.

Maandag tot Woensdag (15-17 April) aande om 19:00, kom ons saam in die tent bymekaar vir 'n kort byeenkoms (omtrent 30 minute) – net so 'n oase van stilte en rus in ons vol week, om ons te help onthou waarheen ons op pad is. Dis nie 'n preek-geleentheid nie, maar 'n stilword-geleentheid. Ons besin in 'n stemmingsvolle atmosfeer met gepaste musiek oor die lydensverhaal vanuit die Woord. Daar sal ook kruiswegstasies wees waarby jy rustig kan omgaan/gaan sit en Jesus se lyding kan ervaar.

Donderdagaand (18 April) hou ons *tenebrae*, die fees van die kerse, waartydens ons spesiale nagmaal hou en een kers na die ander uitgedoof word tot net een oorbly: die Christuskers, wat Vrydagoggend gedooft word.

Vrydagoggend (19 April), Goeie Vrydag, se diens is somber en gedemp. Daar is 'n diens om 08:00 en 09:30. Die Saterdag daarna staan as “Stil Saterdag” bekend.

Maar Sondag (21 April) is dan 'n heel ander storie - want ons vier fees! Jesus het opgestaan.

Groot Lydensweek



Foto: mehrliekruisgemeente.blogspot.com

Omonia Vlughtelingprojek



Met ongelooflike passie en onbaatsugtige liefde bied die Omonia-bediening in Athene al die afgelope vier jaar hulp en ondersteuning aan vlughtelinge uit hoofsaaklik Sirië, Irak en Afghanistan. Met hul holistiese benadering sien die baanbrekers-egpaar Alexander en Eleni Melirrytou om na

vlughtelinge se fisieke én geestelike welstand.

Hulle word bygestaan deur 'n span langtermyn-vrywilligers wat op eie onkoste in Athene woon en by Omonia diens doen. Helderberg Uitrek ondersteun hierdie bediening sedert 2017 op verskeie maniere. Ons het reeds twee keer 'n korttermyn-uitreikspan na Athene gestuur, ons help met praktiese hulpverlening waar moontlik en ons vorm deel van 'n gebedskring wat hierdie bediening en sy kosbare mense deurlopend aan ons Hemelse Vader opdra.

Die Omonia Gemeente se dissipelmakingsbenadering is eenvoudig. Hulle straal Jesus-liefde na die vlughtelinge toe uit. Daarom voorsien die bediening nie bloot net etes en klere en Engelse klasse nie, hulle voorsien inderwaarheid 'n tuiste vir mense wat feitlik alles verloor. Verskeie van die Moslem-vlughtelinge het al tot bekering gekom en woon op Saterdag die Arabiese kerk by Omonia by. Van die mans het ook by 'n Bybelstudie-groep aangesluit.

Beplanning vir 2019:

- Om deurlopend emosionele ondersteuning, voorbedding en praktiese hulpverlening aan die bediening te bied.
- Die Omonia-projek het die Melirrytou-egpaar genooi om Suid-Afrika in 2020 te besoek en fondswerwing het reeds begin.
- 'n Korttermynuitrek word in die vooruitsig gestel vir Oktober 2019.

Gebedsversoeke:

- Die fisieke en emosionele welstand van die Melirrytou-egpaar en al die langtermyn-vrywilligers.
- Die welstand van al die vlughtelinge wat by Omonia 'n tuiste gevind het.
- Die geestelike welstand van nuwe bekeerlinge.

Projekleier: Pia Nanny pia.nanny@gmail.com

Kairos Torch #21

Drakenstein Correctional Facility Medium B

Sunday, 14 April 2019 om 14:45 vir 15:00



Ons Kairos-span het ons opleiding voltooi en ons gaan met 'n span van 25 lede om 'n groep van 25 jong manne in the Drakenstein gevangenis te bedien. Ons spandeer n langnaweek saam met hulle (12/13/14 April).

Op Sondag 14 April het ons die afsluiting van die naweek waar ons van die gemeenskap wat ons ondersteun saam nooi. Met die geleentheid kan die "buite" gemeenskap die span jong manne sien waarmee ons werk en ook vir die res van die jaar waar ons opvolgwerk met hulle doen elke tweede Saterdag. Julle sal ook beleef op die Sondag waar van die manne getuig hoe die Here se genade hulle lewens radikaal verander al gaan hulle binne vier mure bly vir 20 plus jare. Ons het groot ondersteuning van Helderberg Gemeente gekry deur finansiële bydraes as ook "Agape" bydraes van koekies, "mealtickets", Bybels en skryf-behoefes.

Dit sal vir ons lekker wees om van die gemeente daar te sien. Mense moet net hulle ID's of bestuurlisensie byderhand hê. Die RSVP is ook maar net om ons getalle vir die stoele te bevestig waar die gemeenskap gaan sit.



Huwelikseminaar

Die realiteit vandag is dat huwelike onder baie druk verkeer. Gevolglik ly gesinne daaronder. 'n Florerende huwelik is 'n noodsaaklike hoeksteen vir gelukkige kinders en 'n gesonde gesin. VitaAmp help met die herstel van en groei in huwelike.

VitaAmp huwelikseminaar word deur Rudolph en Sanet Grobler aangebied. Rudolph is 'n leraar by NG Kerk George-Bergsig en Sanet het 'n agtergrond in bedryfsielkunde en berading. Die reeks sal jou help om beter jou maat se behoeftes te verstaan en te vervul. Op hierdie manier sal daar dieper intimiteit en meer passie in julle verhouding wees op al die vlakke van eenheid.

Die seminaar sal Vrydagaand 3 Mei by Helderberg Gemeente met 'n ete afskop, gevolg met twee sessies en dan 'n verdere twee sessies word op Saterdagoggend 4 Mei aangebied. Die seminaar beloop R450 per paartjie. 'n Kinderoppassersdiens kan op versoek gereël word.

VitaAmp wil jou help tot 'n florerende huwelik.

Stuur jou naam en kontakbesonderhede aan die kerkkantoor indien jy belangstel.



PALM SONDAG

14 April (normale dienste)

GROOT LYDENSWEEK

Ma 15 - Do 18 April - Tent
•Kruisweg stasies deur die dag
•Aandienste @ 19:00

GOEIE VRYDAG NAGMAAL

19 April (8:00 & 9:30 - Kerk)

OPSTANDING SONDAG

21 April (normale dienste)

Kinderevangelisasie: dringende behoefte

Juniorkamp 3-5 Mei

Dit is weer sulke tyd – die kinders uit ons Bybelklubs in gemeenskappe soos Sir Lowry's Pass, Chris Nissen Park is baie opgewonde oor die kamp vir die graad 4 tot 6 kinders wat plaasvind vanaf 3-5 Mei 2019 in Kleinmond. Die tema van die kamp is "Jy is Myne" (KidsXpress-reeks) en ons gaan o.a saamgesels oor die voorregte daarvan om kind van God en deel van Sy familie te mag wees. Die kinders en span helpers sien baie uit na die kamp maar...



Ons benodig dringend iemand vir die maak van die kos op die kamp. Daar is 'n volledig toegeruste kombuis en resepte, asook helpers beskikbaar.



Indien jy bereid is om te help sodat ons die kinders met goeie kos kan bederf, of meer wil uitvind, kontak asb Minette Krog by tel. 083 655 0111. Daar is ook kinders vir wie dit moeilik is om te betaal om op die kamp te kan gaan. Kontak ons gerus indien jy kans sien om 'n kind teen R200 of enige bedrag te borg om op die kamp te kan gaan. Bydraes kan in Helderberg Uitrek se rekening inbetaal word met verwysing: KE Kamp.



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg NG Gemeente

021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure

Weeksdae: 08:00 - 16:00

Vrydae: 08:00 - 13:00

Sondae: 08:30 - 11:30

Skoolvakansie: 8:00 - 13:00


**Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A**

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Beradingsentrum:

Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za
Annette - 021-850 6923

 SnapScan

 SnapScan



PXMP14718



PXMP14718

Helderberg Gemeente

Helderberg Uitreik

Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansiell en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*